# Identiteit – Ontmoet die ware jy

Jesus sê: “Volg My.” Dit is nie net ’n uitnodiging om te glo nie – dit is ’n aksie.

Die dissipels het nie presies geweet waarheen hulle op pad was nie. Hulle het nie ’n volledige plan gehad nie. Maar hulle was leerbaar.

Die vraag is nie: “Weet ek alles?” Die vraag is: Is ek nog teachable?

## 1. Hoe sien jy jouself – regtig?

Ons almal het ’n prentjie van onsself in ons kop.

Maar daardie prentjie is nie altyd gevorm deur God se stem nie – dit word baie keer gevorm deur:

- mense se opinies
- jou mislukkings
- jou verlede
- vergelyking
- teleurstellings

***As jy eerlik is – watter woorde beskryf jou identiteit tans? (bv. “nie goed genoeg nie”, “altyd agter”, “ek moet myself bewys”, “ek is maar so”)***

## 2. Wat is ’n onseker mens?

’n Onseker mens is nie noodwendig stil of teruggetrokke nie. Baie onseker mense is:

- oorkrities
- liggeraak
- beheersend
- kompeterend
- of so afhanklik van ander se goedkeuring

Onsekerheid maak dat ek alles persoonlik vat. Dit maak dat ek myself heeltyd moet beskerm. Dieper vraag:

***• Waar probeer jy jouself heeltyd regverdig?***

***• Waar raak jy vinnig seergemaak of bedreig?***

## 3. Het ek betekenis?

---

*“Ten lonely seconds to justify my existence” – Harold Abrahams*

---

Hierdie aanhaling wys iets baie eerliks:

- Ek wil bewys dat my lewe saak maak.
- Ek wil wys ek is genoeg.
- Ek wil hê iemand moet raaksien.

Die vraag is nie of ons betekenis soek nie. Die vraag is: Waar gaan ek dit soek? Ons moet dit soek by God…

*Lees saam: Markus 1:9–11*

Nog voor Jesus enigiets “gedoen” het… Nog voor sy bediening begin het… Nog voor wonderwerke… Sê God: “Jy is my geliefde Seun. In jou vind Ek my vreugde.” Identiteit kom vóór prestasie.

***Glo jy werklik dat God vreugde in jou het – of dink jy Hy verdra jou net?***

*Lees ook: Romeine 8:15–17*

Jy het nie ’n gees van slawerny ontvang nie – maar van kindskap. Jy is nie net vergewe nie. Jy is nie net gered nie. Jy is aangeneem.

***Leef jy soos ’n kind in die huis – of soos ’n werker wat bang is om uitgevang te word?***

## 4. As God aan jou dink…

Moenie vinnig antwoord nie… Dink jy God is trots? Of dink jy God is teleurgesteld? Of neutraal?

***Wat dink jy is God se eerste emosie wanneer Hy aan jou dink?***

Dink terug aan die kruis en die bedoeling daaragter vir elkeen van ons… Dit kom saam met genade.

<u>Die Cycle of Grace</u>

Acceptance → Sustenance → Significance → Achievement

Ek word eers aanvaar. Ek word deur God gedra. Ek ontdek betekenis. En dan vloei dit oor in wat ek doen. Met ander woorde: Ek doen nie om iemand te word nie – ek doen omdat ek reeds iemand ís. Die waarheid staan teenoor:

<u>Die Cycle of Performance</u>

Achievement → Significance → Acceptance

Ek moet eers presteer… Dan voel ek belangrik… Dan hoop ek iemand sal my aanvaar.

***Waar in jou lewe leef jy tans volgens hierdie sikluse?***

(byvoorbeeld: bediening, werk, studies, familie, sosiale media)

## 5. Jou Identiteit?

Die vyand kom toets ons identiteit. In Lukas 4 net na Jesus se doop terwyl hy in die woestyn is kom val die duiwel Jesus se identiteit aan en kom toets dit deur sy woorde: "As jy werklik die Seun van God is…". Maar God het ons kla ons identiteit kom gee as sy kinders.

*Lees saam: Galasiers 3:26-27*

***Bespreek die volgende stelling…***

---

> *Paulus het altyd eers mense herinner aan wie hulle is voor hy vir hul gesê het wat hul moet doen*

---

As jy weet wie jy is weet jy hoe jou aksiepakkie moet lyk.

***Hoe kan ons mekaar beter aanmoedig en herinner wie ons is?***

## 5. Slotvraag

---

> *I believe that God made me for a purpose. He also made me fast. And when I run I feel his pleasure*

---

***Beleef jy regtig die Here se plesier in wie jy is… en in hoe Hy jou gemaak het?***

***Wat gaan jy die week doen vir God se plesier/of wat dink jy doen jy in die lewe op so manier dat jy God se plesier voel***

Challenge vir die week:

- Spandeer ty den dink aan die woorde: “Jy is my gelifde…” , “…oor jou verheug ek my”
- Hou op jou identiteit te vind in besig wees…